

HM de Klerk & R-M Jansen

Wapenbeheer: Die posisie van die wapeneienaar in Suid-Afrika

Opsomming

Die posisie van die wapeneienaar in Suid-Afrika is ingrypend verander met die inwerkingtreding van die *Wet op Beheer van Vuurwapens* 60 van 2000 op 1 Julie 2004. Die *Wet op Wapens en Ammunisie* 75 van 1969 het, sedert 1972, die besit van wapens en ammunisie gereguleer, maar is in geheel deur die *Wet op Beheer van Vuurwapens* herroep. Eersgenoemde Wet is streng, breedvoerig en 'n paar keer by wyse van ministeriële regulasies voor inwerkingtreding gewysig. Dit is duidelik dat 'n wapensensie nie maklik bekombaar is nie en wapeneienaars is bekommerd oor hierdie streng bepalings. In hierdie artikel word eerstens verwys na die posisie van die wapeneienaar onder die *Wet op Wapens en Ammunisie* en moontlike redes vir die herroeping van hierdie Wet word aangetoon. Tweedens word die posisie van die wapeneienaar onder die *Wet op Beheer van Vuurwapens* in oënskou geneem. Die voor- en nadele van die nuwe wetgewing word ondersoek en voorstelle word gemaak.

Firearms control: The position of the gun-owner in South Africa

The position of the gun-owner was changed drastically when the *Firearms Control Act* 60 of 2000 took effect on 1 July 2004. This Act repealed the *Arms and Ammunition Act* 75 of 1969; the latter Act had regulated the possession of arms and ammunition since 1972. The *Firearms Control Act* is strict and detailed, and was amended a number of times by ministerial regulations before it came into force. It is obvious that an arms license is not easily obtainable, and gun-owners are concerned about these strict provisions. This article deals, first, with the position of the gun-owner in terms of the *Arms and Ammunition Act* and possible reasons for repealing this Act are indicated; secondly, the position of the gun-owner under the *Firearms Control Act* is scrutinised. Both the benefits and disadvantages of the new legislation are examined and recommendations are made.

1. Inleiding

Vuurwapens is gevaarlik en hou 'n besondere benadelingspotensiaal vir die gemeenskap in.¹ Gevolglik is maatreëls sedert so vroeg as 1677 in Suid-Afrika uitgevaardig om beheer oor wapens en ammunisie uit te oefen. Wapeneienaarskap plaas 'n groot verantwoordelikheid op die wapeneienaar.² Die *Wet op Wapens en Ammunisie* het sedert 1 Februarie 1972, die handel in en besit van wapens en ammunisie in Suid-Afrika gereguleer.³

Volgens die wet kon 'n persoon slegs 'n wapen besit, indien hy of sy ook in besit van die vereiste lisensie was.⁴ Daar was verskeie streng bepalings in die wet om te verhoed dat wapens in die hande van onbevoegde persone beland.⁵ Die wapeneienaar was verantwoordelik vir die veilige bewaring van die wapen anders kon hy skuldig bevind word aan 'n misdryf.⁶

Ingevolge die *Wet op Wapens en Ammunisie* kon voornemende wapeneienaars maklik wapens en wapenlisensies bekom. Daar was nie 'n beperking op die hoeveelheid wapens wat 'n persoon kon besit nie.⁷

2. Moontlike redes vir die herroeping van die *Wet op Wapens en Ammunisie* 75 van 1969

2.1 Vuurwapengeweld

Die Departement van Veiligheid en Sekuriteit het die hoeveelheid onwettige wapens wat in Suid-Afrika gesirkuleer word, in 2000 op 'n getal van 500 000 beraam.⁸ Hierdie wapens was uit verskeie bronne afkomstig, ondermeer uit diefstal of die verlies van private of staatswapens. Die departement het voorts beraam dat daar ongeveer 200 000 private wapens verlore of gesteel was.

Die mening word deur sommige skrywers gehuldig dat skuiwergate in die *Wet op Wapens en Ammunisie* verantwoordelik was vir die hoë vlak van geweld in Suid-Afrika.⁹ Kinders is dikwels slagoffers van misdade waarby wapens betrokke is.¹⁰ Die hoë vlak van vuurwapen-geweld in Suid-Afrika veroorsaak dat geld wat eerder op primêre gesondheidsorg, opvoeding en welsyn bestee kon word, nou bestee word om slagoffers van dié geweld te behandel.¹¹ Indien die hoeveelheid wapens in sirkulasie verminder word, sal daar volgens hulle minder slagoffers van vuurwapengeweld wees. Geweldsmisdade soos kappings

1 Visser 1979:1.

2 Kempen 2002:18.

3 Snyman 1999:425; Joubert 2001:190.

4 Artikel 2; Ackerman 1984:181.

5 Joubert 2001:197.

6 Artikel 39(1)(j) en (k); Cowling 1993:31.

7 Jagwanth en Thipanyane 1993:25; Norval 2002:20; Olivier 2002:11.

8 Proudlock 2000:3.

9 Jagwanth en Thipanyane 1993:23.

10 Proudlock 2000:3.

11 Proudlock 2000:4.

en gesinsgeweld behoort ook af te neem.¹² Volgens “Gun Free South Africa” is 49.3% van die totale moorde in 2000 met vuurwapens gepleeg.¹³

2.2 Tekortkominge van die *Wet op Wapens en Ammunisie*

Die *Wet op Wapens en Ammunisie* is in regstegniese taal geskryf, wat dit moeilik verstaanbaar maak.¹⁴ Verder is die wet meer as twintig keer gewysig en het dit nie tred gehou met die sosiaal-politieke veranderinge wat oor die afgelope tien jaar in Suid-Afrika plaasgevind het nie.¹⁵

Die Suid-Afrikaanse Polisie het die mag gehad om te bepaal of ’n persoon bevoeg is om ’n wapen te besit al dan nie.¹⁶ Hierdie diskresionêre bevoegdheid van die polisie was volgens kenners te wyd.¹⁷ Duidelike riglyne vir die uitoefening van hierdie diskresie was nodig. Die bepalinge wat die dra van vuurwapens in die openbaar gereguleer het, was ook onvoldoende.¹⁸

Die *Wet op Wapens en Ammunisie* het ’n vermoede van die besit van ’n wapen geskep, indien die wapen in die omgewing van die persoon gevind is.¹⁹ In *S v Mbatha*; *S v Prinsloo*²⁰ bevind die hof dat die doel met hierdie vermoede was om die vervolging se bewyslas te verlig. Die hof bevind egter dat hierdie vermoede ongrondwetlik is deurdat dit teen die grondwetlike reg van die beskuldigde om onskuldig geag te word, indruis.²¹

Duncan voer aan dat lisensies onder die *Wet op Wapens en Ammunisie*, dikwels op ’n lukrake wyse uitgereik is aan aansoekers wat nie bevoeg was om wapens te besit nie.²² Gevolglik het daar ’n behoefte aan ’n nuwe wet, wat wapens beheer en verantwoordelike wapeneienaarskap bevorder, ontstaan.²³

3. Die posisie van die wapeneienaar onder die *Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000*

Die *Wet op Beheer van Vuurwapens* het ten spyte van hewige teenkanting, op 1 Julie 2004 in werking getree.²⁴ ’n Dringende hofaansoek om die inwerking-treding van die wet uit te stel, is op 31 Mei 2004 in die Hooggeregshof in Pretoria van die hand gewys.²⁵

12 Olivier 2002:11; Azzakani 2002:5.

13 Olivier 2002:11.

14 Stoltz 2001:12.

15 Stoltz 2001:12.

16 Minnaar en Mistry 2003:31.

17 Jagwanth en Thipanyane 1993:28.

18 Jagwanth en Thipanyane 1993:28.

19 Artikel 40(1); Joubert 2001:193.

20 1996 1 SASV 371 KH:372H-I.

21 373A-B.

22 Duncan 1999:24.

23 Hamber 1999:1.

24 Proc 28 in GG 26374: 28 Mei 2004.

25 Pienaar 2004:1.

Die *Wet op Beheer van Vuurwapens* het veral ten doel om die grondwetlike reg op lewe en liggaamlike integriteit te bevorder.²⁶ Slegs bevoegde en verantwoordelike persone sal wapens kan besit, aangesien 'n bevoegdheidsertifikaat bekom moet word en gevolglik sal 'n kultuur van verantwoordelike wapeneienaarskap geskep word. Charles Nqakula, minister van Veiligheid en Sekuriteit, sê die wet sal hopelik help om misdaad hok te slaan en dat die regering met dié wet poog om die probleem konstruktief te benader.²⁷ Volgens hom is sowat 18 000 mense in die 2002-2003 boekjaar vermoor, van wie 50% met onwettige vuurwapens. Misdadigers vind dit al hoe makliker om vuurwapens te steel omdat dit nie behoorlik opgepas word nie.²⁸

'n Persoon mag slegs 'n wapen besit indien die persoon die vereiste lisensie het.²⁹ 'n Afsonderlike lisensie ten opsigte van elke vuurwapen moet verkry word.³⁰ Die wet verskil van sy voorganger deurdat die begrip "besit" nie omskryf word nie. Snyman doen aan die hand dat besit in hierdie geval ook op bewaring dui.³¹ Die wet stel 'n lys van verbode vuurwapens daar.³²

'n Lisensie mag slegs uitgereik word indien die applikant in besit is van 'n bevoegdheidsertifikaat.³³ 'n Bevoegdheidsertifikaat word slegs aan 'n meerderjarige Suid-Afrikaanse burger of 'n persoon met 'n permanente verblyfpermit uitgereik.³⁴ 'n Voornemende vuurwapeneienaar se eerste stap is om opleiding by 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie of- akademiese instansie te ontvang. Hierdie instansie moet die persoon na afloop van 'n diepte eksamen waarin hy of sy oor alles rakende die hantering, instandhouding en gebruik van 'n vuurwapen getoets word, bekwaam verklaar. Die slaagpunt is 80%. 'n Aansoekvorm waarin verklaar word dat die "leerder" die nodige opleiding ontvang het, word dan aan Poslec-Seta (die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir die polisie) gestuur, wat 'n bekwaamheidsertifikaat uitreik. Die persoon met die sertifikaat in sy besit, kan daarna by die polisie om 'n bevoegdheidsertifikaat aansoek doen.³⁵ Die voorgeskrewe toets oor 'n persoon se kennis van die wet moet dus suksesvol afgelê word, alvorens 'n bevoegdheidsertifikaat uitgereik word.³⁶ Dit is ingevolge die wet onwettig om 'n vuurwapen sonder 'n bevoegdheidsertifikaat te besit, en die sertifikaat kan nie sonder 'n bekwaamheidsertifikaat verkry word nie.³⁷ 'n Bevoegdheidsertifikaat, is ook slegs vir vyf jaar geldig.³⁸

26 Artikel 2; Cilliers 2001:1.

27 Venter 2004:1.

28 Claassen 2004:2.

29 Artikel 3; Snyman 2002:407; Du Plessis ea 2000:224.

30 Artikel 11; Meek 2002:20.

31 2002:407.

32 Artikel 4(1)(a)-(iv); Snyman 2002:409.

33 Artikel 6; Geldenhuys 2003:36; Stoltz 2004:71; Steenkamp 2004a:2.

34 Artikel 9(2)(a) en (b).

35 Venter 2004:1.

36 Artikel 9(2)(q); Du Plessis ea 2000:225; Meek 2002:21.

37 Venter 2004:1.

38 Geldenhuys 2003:36; Goliath 2004:22.

Die wet skep klasse van lisensies en wapens sal net volgens hierdie bepaalde klasse gelisensieer word. 'n Lisensie om 'n vuurwapen te besit vir die doeleindes van “selfverdediging” kan uitgereik word.³⁹ Slegs bepaalde vuurwapens kan ingevolge hierdie klas gelisensieer word.⁴⁰ Die aansoeker moet 'n behoefte aan 'n wapen vir die doeleindes van selfverdediging hê wat nie redelikerwys anders bevredig kan word, as deur die besit van 'n wapen nie.⁴¹ Geen persoon mag meer as een lisensie wat ingevolge hierdie klas uitgereik word, hou nie.⁴²

'n Lisensie vir die doeleindes van “geleentheidsjag en sportskiet” kan ook uitgereik word.⁴³ Hierdie lisensie sal slegs uitgereik word aan 'n natuurlike persoon, wat 'n geleentheidsjagter of geleentheidssportpersoon is.⁴⁴ Die wet omskryf egter nie die begrippe “geleentheidsjagter” en “sportpersoon” nie en dit skep regsonsekerheid.⁴⁵ Geen persoon mag meer as vier lisensies wat ingevolge hierdie klas uitgereik word, hou nie. Indien 'n persoon reeds 'n lisensie het om 'n wapen te besit vir die doeleindes van selfverdediging, sal slegs drie lisensies ingevolge hierdie klas uitgereik kan word.⁴⁶

Die wet skep ook ander klasse van lisensies, byvoorbeeld lisensies om 'n vuurwapen te besit vir “toegewyde jag, toegewyde sportskiet” en lisensiëring van vuurwapens in 'n “private versameling”.⁴⁷ Daar is ook die klas waar 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit en 'n permit om ammunisie te besit, vir 'n “openbare versameling” uitgereik kan word.⁴⁸

'n Meerderjarige lisensiehouer, kan toelaat dat 'n ander persoon sy vuurwapen gebruik.⁴⁹ Die persoon wat die vuurwapen gebruik, moet dit egter onder die onmiddellike toesig van die lisensiehouer gebruik. Die vuurwapen mag net vir 'n wettige doel en op 'n veilige plek gebruik word.⁵⁰

Vuurwapenlisensies moet hernu word.⁵¹ 'n Lisensie sal slegs hernu word indien daar voor die verstryking daarvan, by die registrateur aansoek om hernuwing gedoen word.⁵² 'n Lisensie vir selfverdediging geld vir vyf jaar, terwyl 'n lisensie vir geleentheidsjag en sportskiet, vir tien jaar geld.⁵³ 'n Lisensie sal onder bepaalde omstandighede beëindig word.⁵⁴ So word dit byvoorbeeld

39 Artikel 13.

40 Artikel 13(1)(a) en (b); du Plessis ea 2000:225.

41 Artikel 13(2)(b).

42 Artikel 13(3).

43 Artikel 15.

44 Artikel 15(2).

45 Gun Control Alliance Briefing document:2003:1.

46 Artikel 15(3)(b); Geldenhuys 2003:37.

47 Artikel 16; Art 17.

48 Artikel 19.

49 Artikel 22; Lambrechts 2001:37.

50 Lambrechts 2001:37.

51 Artikel 24; Anoniem 2004:2.

52 Artikel 24(1).

53 Artikel 27.

54 Artikel 28; du Plessis ea 2000:226.

beëindig, wanneer die tydperk van die lisensie verstryk of indien die houër van die lisensie onbevoeg raak om die wapen te besit.⁵⁵

Slegs persone met gelisensieerde vuurwapens mag ammunisie vir daardie wapens besit.⁵⁶ Verder mag slegs persone met permitte om ammunisie te hou, ammunisie besit.⁵⁷ Die houër van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit mag nie meer as tweehonderd patrone vir elke vuurwapen besit nie.⁵⁸ Hierdie beperking geld egter nie vir toegewyde jagters en sportpersone wat die houër van 'n lisensie ingevolge die wet is nie.⁵⁹ Die wet sit verdere gevalle wanneer die beperking nie sal geld nie uiteen.⁶⁰

Die registrateur kan onder sekere omstandighede verklaar dat 'n persoon onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit.⁶¹ 'n Onbevoegdheidsverklaring kan slegs uitgereik word indien die registrateur aan bepaalde vereistes voldoen.⁶² Die persoon wie se regte aangetas staan te word deur 'n onbevoegdheidsverklaring, kan redes aanvoer waarom hy nie onbevoeg verklaar moet word nie en is geregtig op regsverteenvoerdiging.⁶³ Wanneer die hof 'n persoon skuldig bevind aan bepaalde misdade is so 'n persoon outomaties onbevoeg om 'n vuurwapen te besit.⁶⁴ 'n Onbevoegdheidsverklaring veroorsaak dat alle lisensies of permitte wat ingevolge die wet aan die persoon uitgereik is, hul regsrag verloor.⁶⁵ 'n Persoon wat onbevoeg verklaar is om 'n wapen te besit, moet alle lisensies of permitte wat ingevolge die wet uitgereik is, en alle wapens en ammunisie in besit, by die naaste polisiekantoor inhandig.⁶⁶

Die polisie het wye bevoegdhede om ondersoeke te doen, arrestasies uit te voer en wapens te konfiskeer.⁶⁷ Die wet skeep 'n hele aantal misdrywe.⁶⁸ Dit is duidelik dat 'n oortreding van hierdie wet nie ligtelik opgeneem sal word nie.⁶⁹

Voorsiening word gemaak vir die betaling van vergoeding aan wapeneienaars weens die oorhandiging of verbeuring van vuurwapens aan die staat.⁷⁰ Die minister kan deur kennisgewing in die Staatskoerant regulasies uitvaardig oor 'n hele aantal aangeleenthede.⁷¹ So kan die minister regulasies uitvaardig aangaande die vasstelling van die gelde betaalbaar ten opsigte van die uitreiking

55 Artikel 28(1)(a) en (c).

56 Artikel 90.

57 Artikel 90(a) en (b); Geldenhuys 2003:36.

58 Artikel 91(1); Snyman 2002:410.

59 Artikel 91(2)(a); Geldenhuys 2003:36.

60 Artikel 91(2)(a) en (b).

61 Artikel 102; Lambrechts 2001:23; du Plessis ea 2000:226.

62 Artikel 102(2)(a)-(e).

63 Artikel 102(3)(a)-(c).

64 Artikel 103; Geldenhuys 2003:36.

65 Artikel 104(1)(a).

66 Artikel 104(2)(a)-(c).

67 Goliath 2004:22.

68 Hoofstuk 16.

69 Du Plessis ea 2000:227.

70 Artikel 137.

71 Artikel 145(1)(a)-(n).

of hernuwing van 'n lisensie of bevoegdheidsertifikaat.⁷² Wapeneienaars het 'n oorgangstydperk van vyf jaar om aan die bepalings van die wet te voldoen.⁷³

4. Die tekortkominge van die *Wet op Beheer van Vuurwapens*

4.1 Wapeneienaars is ontevrede

Die pers het die afgelope tyd gereeld berig aangaande die ontevredenheid van wapeneienaars met die nuwe wetgewing. Die standpunte van hierdie wapeneienaars, soos aangetoon in die pers en ander publikasies, is die volgende:

4.1.1 Daar word inbreuk gemaak op konstitusionele regte

Wetsgehoorsame burgers se konstitusionele reg om hulself en hul geliefdes te beskerm, word hul ontnem.⁷⁴ Wapeneienaars beskou die bepalings van die wet, rakende die vermindering van vuurwapens wat wettig besit kan word en die herregistrasie van vuurwapenlisensies, as outokraties en diktatoriaal. Hierdie bepalings maak volgens hulle inbreuk op hul veiligheid.⁷⁵ Hood wys daarop dat hoewel die gestelde doelwit van die nuwe wet misdaadbeheer is, dit by nadere ondersoek duidelik blyk dat die wet 'n ideologiese dokument is.⁷⁶ Dit is nie op misdaadvermindering gerig nie, maar eerder om wapeneienaars van hul wettige vuurwapens te ontnem. Daar word verwys na die eiendomsregte wat deur artikel 25 van die Grondwet⁷⁷ beskerm word en die gevolgtrekking word gemaak dat die bepalings wat die staat in staat stel om wapeneienaars se vuurwapens sonder vergoeding te konfiskeer, hierdie reg skend.⁷⁸ Wapeneienaars is gegrief weens die feit dat outomatiese vergoeding nie aan persone gegee sal word, indien hulle hul wapens (waarvoor lisensies nie verkry kan word nie), moet inhandig nie. Hulle kan hul ook nie daarmee vereenselwig dat die registrateur oor die vergoeding sal besluit nie.⁷⁹ Van Schalkwyk is van mening dat gereguleerde en verantwoordelike wapeneienaarskap van Suid-Afrikaners 'n reg is en nie slegs 'n voorreg nie.⁸⁰ Wapeneienaars voel dat hulle menings geen gewig gedra het by die opstel van die wet nie, alhoewel hulle die meeste deur die wet geraak word.⁸¹

72 Artikel 145(d).

73 Goliath 2004:21; Stoltz 2004:71; Mentz 2004:2.

74 Van Schalkwyk 1999:5 .

75 Van Wyk 2002:8.

76 Hood 2000:10.

77 108 van 1996.

78 Hood 2000:10.

79 Misbach 2000:5.

80 1999:5.

81 Hood 2000:10; Norval 2002:16.

4.1.2 Geweld in Suid-Afrika

Die wapeneienaars redeneer dat 'n wapenvrye Suid-Afrika nie noodwendig 'n misdadervrye Suid-Afrika sal beteken nie. Die rede hiervoor is dat misdadigers en ongelisensieerde vuurwapens, nie deur die wet aan bande gelê word nie.⁸² Die wet ignoreer die probleem van wapensmokkelary.⁸³ Vir solank as wat misdadigers gewapen is, sal wetsgehoorsame burgers daarop geregtig voel om hulself te bewapen.⁸⁴ 'n Verslag van die Nasionale Oudit-kantoor in Brittanje, dui daarop dat dit blyk dat die verbanning van private wapens, 'n geringe doel dien om vuurwapens in sirkulasie te verminder.⁸⁵ Die oorsaak van die misdadeprobleem is nie soseer die besit van vuurwapens nie, maar die regering se onvermoë om misdaad te beheer.⁸⁶ Die beperkings van die nuwe wet word direk op die wapeneienaars gerig. Die publiek se vryheid word hul ontnem, in stede dat die werklike misdaad bekamp word.⁸⁷ Wapeneienaars is van mening dat die wet nie gerig is op vuurwapens nie, maar om die gemeenskap te beheer.⁸⁸ Volgens Els is die wet net so belaglik as die stelling dat die uitreiking van wettige motorlisensies gestaak (of verminder) moet word, sodat onwettige bestuurders aan bande gelê kan word.⁸⁹ Hy voel daar is nie 'n verband tussen die uitreiking van wettige wapenlisensies en die onwettige besit van vuurwapens nie. Volgens hierdie siening benadeel die wet net wettige wapeneienaars. Misdadigers wat verantwoordelik is vir die vuurwapengeweld, steur hulle in elk geval nie aan wette nie. Die volgende stelling word dikwels geopper: "Outlaw guns and only the outlaws will have guns".⁹⁰ Daar is 2 075 864 wettige vuurwapeneienaars wat 3 969 200 gelisensieerde vuurwapens besit. Dit sal meer as R63 miljoen kos om die nuwe wet in werking te stel.⁹¹

4.1.3 Morele dilemma van wapeneienaars

Die wapeneienaars staar 'n morele dilemma in die gesig.⁹² Hulle moet besluit of hulle 'n wet wat hul verplig om wapens te herregistreer gaan gehoorsaam, terwyl hulle ten volle bewus is van die irrasionele en kontraproduktiewe aard daarvan. Wapeneienaars is dit eens dat hulle self sal moet besluit, of hulle nie dalk eerder moreel verplig is om so 'n onregverdige wet te ongehoorsaam nie, al sou dit beteken dat hulle as 'n misdadiger in terme van die wet beskou sou word. 'n Legitimiteitskrisis kan die gevolg wees. Die volgende hoofopskrifte in koerante is 'n goeie aanduiding van die algemene publiek se siening oor die

82 Van Schalkwyk 1999:5; Galpin 2003:12.

83 Van Schalkwyk 1999:5.

84 Cowling 1993:29.

85 Broadhurst en Hansson 1999:338.

86 Du Plessis ea 2000:228.

87 Van Wyk 2002:7.

88 Heale 2003:15.

89 Els 2003:16.

90 Huisamen 2000:27; Meek 2002:1.

91 Steenkamp 2004c:1.

92 Fackler 2000:1.

nuwe wetgewing: "Wapenwet skiet tekort",⁹³ "Skote klap oor nuwe wapenwet"⁹⁴ en "Wapenwet katastrofies".⁹⁵

4.2 Praktiese probleme verbonde aan die wet

Dit blyk dat daar nie voldoende hulpbronne bestaan, om die *Wet op Beheer van Vuurwapens* te implementeer vanweë die hoë kostes daaraan verbonde.⁹⁶ Die polisie moet miljoene aansoeke om vuurwapenlisensies hanteer, terwyl hul alreeds met 'n personeeltekort te kampe het.⁹⁷ Byna 100 000 mense in die professionele jagbedryf en wapenhandel se werk is in die gedrang weens die "katastrofiese" wyse waarop die nuwe wet sedert 1 Julie 2004 in werking gestel word.⁹⁸ Ingeligte bronne dui ook aan dat nie 'n enkele wettige vuurwapen die afgelope twee maande in Suid-Afrika verkoop is nie en bevoegdheidsertifikate is in dié tyd (aan slegs agt mense) uitgereik.⁹⁹ Voorts sê die hoof van die vuurwapen-registrasiekantoor in Gauteng dat meer as 80% van die lisensieaansoeke wat die afgelope paar maande hier ingedien is, deur die sentrale vuurwapenregister afgekeur is. Die apèlle van 12 000 mense wie se aansoeke afgekeur is, lê en stof vergader omdat die onafhanklike appèlraad sedert 1 Mei nie meer funksioneer nie.¹⁰⁰ Die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Wapen-en-ammunisie-handelaarsvereniging, dui aan dat daar reeds vyf handelaars bankrot gespeel het omdat daar sedert 1 Julie nie 'n enkele wettige vuurwapen in die land verkoop is nie.¹⁰¹ Voorheen is daar landwyd tot 15 000 wapens per maand verkoop. Volgens 'n woordvoerder van Poslec-Seta is net agt bevoegdheidsertifikate vanaf 1 Julie tot einde September uitgereik.¹⁰² Net diegene wat 'n bekwaamheidsertifikaat by 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie bekom het en wie se aansoek om 'n lisensie goedgekeur is, mag 'n wapen koop.¹⁰³ Die beroepsjagtersvereniging van Suid-Afrika verklaar dat tot 80 000 mense in dié bedryf se werk bedreig word. Ongeveer 10 000 oorsese jagters besoek Suid-Afrika jaarliks. Dié mense is sedert 1 Julie ure op lughawens opgehou om dokumente in te vul. Sommige se wapens is gekonfiskeer omdat dit nie aan die nuwe wetgewing voldoen nie.¹⁰⁴ Ongeveer 55% van die jagters is van Amerika waar vuurwapenwetgewing bykans afwesig is. Die nuwe wet plaas baie druk op die jagbedryf omdat die jagters meen dit nou te moeilik is om wapens hierheen te bring. Dit gaan 'n groot invloed op die volgende jageiseisoen hê.¹⁰⁵ Duisende lede van die Swartgeweereienaar-vereniging het in September

93 Venter 2004:1.

94 Gunning 2000:5.

95 Steenkamp 2004b:1.

96 Broadhurst en Hansson 1999:344; Jones 2002:7; Steenkamp 2004:1.

97 Jones 2002:7.

98 Steenkamp 2004b:1.

99 Steenkamp 2004b:1.

100 Steenkamp 2004b:1.

101 Steenkamp 2004b:1.

102 Steenkamp 2004b:1.

103 Steenkamp 2004b:1.

104 Steenkamp 2004b:1.

105 Steenkamp 2004b:1.

2004 na Nqakula se kantoor opgeruk omdat “99%” van hul aansoeke om vuurwapenlisensies afgekeur is.¹⁰⁶ In die Verenigde State van Amerika is howe en die polisie se swak hantering van wetgewing aangedui as ’n hooforsaak vir die ondoeltreffendheid van die wetgewing.¹⁰⁷

In die verlede was die Suid-Afrikaanse howe ongeneë om burgers te straf, bloot omdat hulle nie ’n wapenlisensie gehad het nie. Die rede hiervoor was die hoë vlak van misdaad en geweld in die land en die feit dat burgers hulself moes kon verdedig.¹⁰⁸ In *S v Ntanz*¹⁰⁹ word bevind dat die blote besit van ’n ongelisensieëerde vuurwapen, nie ’n ernstige oortreding op sigself is nie. In *S v Siphethu*¹¹⁰ dui die hof aan dat die motief vir selfverdediging ’n versagende omstandigheid by ongelisensieëerde wapenbesit is. Hierdie opinie van die regsprekers dui daarop dat wetsgehoorsame burgers in ’n gewelddadige samelewing, nie onbehoorlik gestraf moet word indien hulle probeer om hulself of hul geliefdes te verdedig nie.¹¹¹ Hierdie houding van die howe ondermyn die effektiwiteit van wapenbeheer-wetgewing.¹¹²

Brittanje het 255 miljoen pond daargestel om wapeneienaars finansiële te vergoed vir wapens wat verbeur is.¹¹³ Vanweë druk op Suid-Afrika om basiese behoeftes te bevredig, deur lopende water, elektrisiteit en gesondheidsdienste te verskaf, sal dit nie hier moontlik wees om wapeneienaars te vergoed soos in Brittanje nie.

Wapenbeheerwetgewing voorkom nie noodwendig die onwettige besit van wapens nie, aangesien dit onbewustelik die swart mark kan bevoordeel en aanleiding kan gee tot ’n vermeerdering van ander vorme van misdaad.¹¹⁴ Om gelisensieëerde wapens uit die samelewing te verwyder, kan die relatiewe mag van gewapende misdadigers vermeerder. Broadhurst en Hansson gebruik Nigerië as voorbeeld om die stelling te bewys.¹¹⁵ Die *Vuurwapenwet* van 1958 van die Federale Republiek van Nigerië, het dit onwettig gemaak om wapens te besit, te vervaardig, te koop en te verkoop. Nieteenstaande hierdie wetgewing, het ’n mark in onwettige wapens ontwikkel en teen die middel tagtigerjare, het gewapende roof ’n hoogtepunt bereik.

4.3 Probleme verbonde aan ministeriële regulasies

Die wet maak soos reeds genoem, voorsiening daarvoor dat die minister regulasies kan uitvaardig in verband met enige aangeleentheid wat nodig is om voorgeskryf te word, ten einde die doelstellings van die wet te bereik of te

106 Steenkamp 2004b:1.

107 Broadhurst en Hansson 1999:344.

108 Broadhurst en Hansson 1999:344.

109 1981 4 SA 477.

110 1992 1 SASV 453.

111 Broadhurst en Hansson 1999:344.

112 Broadhurst en Hansson 1999:344.

113 Broadhurst en Hansson 1999:345.

114 Broadhurst en Hansson 1999:345.

115 1999:345.

bevorder.¹¹⁶ Hierdie bepaling gee aan die minister wye magte om die wet self, te vervang.¹¹⁷

5. Die gevare verbonde aan ontwapening en voorbeelde in ander regstelsels.

Hammond beweer:

Gun control deprives potential victims of their best means of protection.¹¹⁸ Disarmed people can easily be exploited and oppressed. If a government doesn't trust its citizens with weapons then the citizens cannot trust the government with power. A government that fears its people is itself to be feared.

Daar word ook verwys na die woorde van George Washington:

Firearms stand next in importance to the Constitution itself. They are the American people's liberty teeth and keystone under independence. To secure peace, security and happiness, the rifle and pistol are equally indispensable. The very atmosphere of firearms everywhere restrains evil interference — they deserve a place of honour with all that is good.¹¹⁹

Die massamoorde op die Christen Tutsis in Rwanda gedurende 1990-1994 dui daarop dat daar gevare voortspruit uit wapenbeheer.¹²⁰ Die massamoord in Rwanda bevestig die feit dat wanneer die bevoegdheid van wetsgehoorsame burgers om hulself te verdedig, aan bande gelê word, dit 'n ope uitnodiging vir misdadigers daarstel om hierdie onskuldige persone aan te val.

Hammond¹²¹ dui in tabelvorm die resultate aan van 'n studie wat gedoen is oor die verband tussen wapenbeheerwetgewing en massamoord in die twintigste eeu en illustreer dat die massamoorde op die Jode en Christene in 'n Nazi-geokkupeerde Europa gedurende 1939-1945 en die massamoorde op die Christene in Uganda gedurende 1971-1979, deur wapenbeheerwetgewing voorafgegaan is. Die tabel spreek vanself.¹²²

116 Artikel 145(1)(n).

117 Cilliers 2001:1.

118 1996:51.

119 Hammond 1996:51.

120 Hammond 1996:51.

121 1996:52.

122 Hammond 1996:52.

Oortreder regering	Datum na raming	Slagoffers	Vermoor	Datum van wapenbeheerwet	Bron
Otteman Turkye	1915-1917	Christene Armeniërs	1.5 miljoen	1866 1911	Art. 166 Strafkode Art. 166 Strafkode
Sowjet Unie	1929-1953	Christene Kleinboere	36 miljoen	1929	Art. 182 Strafkode
Nazi Duitsland en Geokkupeerde Europa	1933-1945	Jode, Sigeuners, Christene, Anti-Nazi's	13 miljoen	1928 1938	<i>Wet op Vuurwapens en Ammunisie</i> , April 12 <i>Wapenwet</i> , Maart 18
China	1949-1952 1966-1976	Christene Anti-Kommuniste Hervormers	60 miljoen	1935 1957	Arts. 186-7, Straf kode, Art. 9 Sekuriteitswet Okt 22
Uganda	1971-1979	Christene Politieke teenstanders	600 000	1955 1977	Wapenordinansie Vuurwapenwet
Kambodja	1975-1979	Geleerde persone	3 miljoen	1956	Arts. 322-8 Strafkode
Rwanda	1990-1994	Christene Toetsies	500 000	1962 1973	Vuurwapenwet
		Aantal slagoffers	114.6 miljoen		

6. Aanbevelings

Dit is duidelik dat daar verskillende menings aangaande die *Wet op Beheer van Vuurwapens* is. Aan die een kant is daar dié groepe wat wapens as sinoniem met geweld beskou en die wet verwelkom. Aan die ander kant is daar die wapeneienaars, wapenhandelaars en die jagbedryf wat deur die wapenbeheer-wetgewing geraak en benadeel word, wat glo dat 'n vermindering van wettige wapens irrelevant is by 'n poging om misdaad te verminder. Dit is duidelik dat daar nog geensins konsensus tussen hierdie partye bereik is nie. Daar word aan die hand gedoen dat die doelstellings van die *Wet op Beheer van Vuurwapens*, deur ander metodes bereik kan word:

- Die misdaadprobleem moet opgelos word. Daar bestaan talle ander wyses om misdaad te verminder. Swaarder strawwe vir misdaad waarby vuurwapens betrokke is, kan bydrae tot 'n afname in vuurwapengeweld. Die hele judisiële stelsel moet verbeter word. 'n Beskuldigde moet so gou as moontlik aangekla en indien skuldig bevind word, binne die kortste moontlike tyd, gevonnissen word. Lavin stel voor, dat meer openbare vervolgers aangestel word, teen beter betaling.¹²³ Misdaad sal ook verminder kan word indien daar 'n beter

¹²³ Lavin 2001:5.

skakeling tussen die polisie, ondersoekbeamptes en openbare vervolgers is.¹²⁴ Sodoende sal tegniese foute en skuiwergate voorkom kan word. Dit wil voorkom asof die openbare vervolging die swakste skakel in die judisiële stelsel is en dit moet so gou as moontlik reggestel word.¹²⁵

- Vuurwapenopleiding en-opvoeding is nodig ten einde 'n kultuur van verantwoordelike wapeneienaarskap te skep.¹²⁶
- Swaarder strawwe vir die roekelose en nalatige gebruik van vuurwapens kan ook bydrae om 'n kultuur van verantwoordelike wapeneienaarskap te bevorder, sonder dat daar 'n beperking geplaas word op die hoeveelheid wapens wat 'n persoon mag besit.
- Daadwerklike pogings moet aangewend word om onwettige wapens te verban. Die polisie kan klopjagte uitvoer om onwettige wapens (wat die bron van die vuurwapengeweld is) op te spoor.¹²⁷
- Die verlies van staatsbeheerde wapens deur die polisie en weermag dra by tot die getal onwettige vuurwapens in omloop en gevolglik moet hierdie aspek dringende aandag geniet.¹²⁸
- Die nuwe proses ingevolge die *Wet op Beheer van Vuurwapens* behoort eenvoudiger en meer prakties uiteengesit te word.¹²⁹

124 Lavin 2001:5.

125 Lavin 2001:5.

126 Lavin 2001:5; De Greeff 2002:11.

127 Pienaar 2004:3.

128 Meek 2002:23.

129 Venter 2004:1.

Bibliografie

- ACKERMAN M
1984. *Die reg insake openbare orde en staatsveiligheid*. 1ste uitgawe. Pretoria: Butterworths.
- ANONIEM
2004. Leer meer oor nuwe vuurwapenwet. *Bloemnuus* 18 Junie:2.
- AZZAKANI R
2002. Vuurwapenwet — 'n wapen wat kan red. *Die Beeld* 30 Mei:5.
- BROADHURST K EN HANSSON D
1999. A comparative examination of developments in British and South African firearm law. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafrepleging* 12(3): 331-347.
- CILLIERS A
2001. South African firearms control legislation. <<http://www.users.iafrica.com/j/ja/jarzul/cilliers.htm>> Toegangsdatum: 8 Desember 2003.
- CLAASSEN E
2004. Nqakula gooi wal oor wet. Wapenhandelaars en jagters pak hom. *Die Volksblad* 29 September:2.
- COWLING MG
1993. Caring for arms — Criminal sanction and the standard of care applicable to lawful possessors of arms. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafrepleging* 6:29-37.
- DE GREEFF J
2002. Too easy to blame "the gun." *The Cape Argus* 2 November:11.
- DU PLESSIS W, OLIVIER N EN PIENAAR J
2000. Geweld: Strenger wapenbeheer die oplossing? *Die Suid-Afrikaanse Publikereg* 15(1):214-230.
- DUNCAN S
1999. Dink weer oor wapenbeheer. *Finansies en Tegniek* 51:24.
- ELS A
2003. Jag gemaak op wapeneienaars. *Die Burger* 12 April:16.
- FACKLER ML
(2000). Firearms in America: the facts. <<http://www.users.iafrica.com/j/ja/jarzul/fackler.htm>> Toegangsdatum: 8 Desember 2003.
- GALPIN R
2003. Wapenwet takel nie misdadigers. *Die Burger* 11 April:12.
- GELDENHUYS K
2003. Firearms: The act and the facts, the do's and the don'ts. *Servamus* 96(4):34-37.
- GOLIATH P
2004. Firearms control in South Africa. *De Rebus* Mei:20-22.
- GUNNING E
2000. Skote klap oor nuwe wapenwet. *Rapport* 20 Februarie:5.
- GUN CONTROL ALLIANCE BRIEFING DOCUMENT
2003. Final draft of the firearm control act regulations. <<http://www.gca.org.za/bill/regulations.htm>> Toegangsdatum: 8 Desember 2003.
- HAMBER B
1999. Gun control: Who is controlling who? <<http://www.csvr.org.za/articles/artguns.htm>> Toegangsdatum: 8 Desember 2003.
- HAMMOND P
1996. *Holocaust in Rwanda. The roles of gun control, media manipulation, liberal church leaders and the United Nations*. Cape Town: Frontline Fellowship.
- HEALE DJ
2003. Gun law erodes rights. *The Sunday Tribune* 20 April:15.
- HOOD M
2000. Against greater regulation. *The Pretoria News* 2 June:10.
- HUISAMEN M
2000. Reducing gun violence in South Africa. *Servamus* 93(5):25-27.

- JAGWANTH S EN THIPANYANE TS
1993. Gun control in South Africa — a critical review. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafrepleging* 6:21-29.
- JONES N
2002. Will firearms law be practical? *The Daily News* 22 Julie:7.
- JOUBERT C
2001. *Toegepaste reg vir polisie-beamptes*. Kenwyn: Juta.
- KEMPEN A
2002. Firearms control the 1st step towards gun control. *Servamus* 95(6): 18-19.
- LAMBRECHTS BD
2001. Firearms Control Act 60/2000. *Servamus* 94(7):34-37.
2001. Die Wet op Beheer van Vuurwapens. *Servamus* 94(9):23-26.
- LAVIN M
2001. Gun laws target the wrong people. *The Eastern Province Herald* 10 November:4-5.
- MEEK S
2002. Getting a grip on guns: Rolling out the Firearms Control Act. *South African Crime Quarterly* 1:19-23.
- MENTZ L
2004. Nuwe wetgewing raak vuurwapeneienaars. *Bylae tot die Volksblad* 17 Maart:2.
- MINNAAR A EN MISTRY M
2003. Unfit to own a firearm? The role of the police in firearm control. *South African Crime Quarterly* 4:31-36.
- MISBACH W
2000. Controversial gun Bill gets approval. *The Sowetan* 11 October:5.
- NORVAL D
2002. New gun law undemocratic. *The Sowetan* 30 October:16.
- OLIVIER A
2002. Met minder wapens sal geweldmisdad ook daal. *Die Beeld* 24 Julie:11.
- PIENAAR A
2004. Vuurwapeneienaars nie nou al vervol. *Die Volksblad* 1 Julie:1.
- PROUDLOCK P
2000. Fewer firearms means lower death toll. *Children First* 4(29):3-6.
- SNYMAN CR
2002. *Criminal law*. 4de uitgawe. Durban: Butterworths.
1999. *Strafreg*. 4de uitgawe. Durban: Butterworths.
- STEENKAMP L
2004a. Vuurwapenlisensie: Doen so aansoek om bevoegdheidsertifikaat. *Die Volksblad* 3 Julie:2.
2004b. Wapenwet 'katastrofies'. Duisende se werk glo in gedrang. *Die Volksblad* 28 September:1.
2004c. Handelaars wil hof toe oor wapens. *Die Volksblad* 29 September:1.
- STOLTZ I
2001. Nuwe wet ontwapen niemand nie. *Landbouweekblad* 1202:12.
2004. Vuurwapens: aansoek om lisensies neem af. *Landbouweekblad* 1338: 71.
- VAN SCHALKWYK M
1999. Wapeneienaarskap is 'n reg — politiek. *Finansies en Tegniek* 51:25.
- VAN WYK P
2002. Evidence shows guns are good. *The Star* 11 March:7.
- VENTER M
2004. Wapenwet skiet tekort. *Ex Kouga Press* 9 September:1.
- VISSER PJ
1979. *Die reg insake wapens en ammunisie*. Pretoria: JP vd Walt en seun (Edms) Bpk.